

ST. FRANCISKUS BORGIA

10 OKTOBER

(1510-1572)

Danksy hierdie agterkleinseun van die berugte pous Alexander VI is die Borgia familienaam nie net sinoniem met korrupsie en dekadensie nie, maar ook met heiligheid.

Hy was 'n getroude man, vader van 8 kinders en bekleed die hoë posisie van onderkoning in Katalonië. Ná die dood van sy vrou tree hy by die Jesuïete in. Hy word 'n uitstekende priester en prediker en sy nederige en eenvoudige leefwyse en harde werk lei daartoe dat hy owerste-generaal van dié jong orde word wat onder sy bekwame leiding geweldig en wêreldwyd uitbrei.

Dit was hy wat op soveel maniere die ideaal van St. Ignatius van Loyola verwesenlik het. Hy sterf in Rome, omring deur sy kinders en kleinkinders.